Manne/Vroue uit die Bybel

"Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi,ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop,die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof."
- Hebreërs 12:1-2a

Doelwit: Om die Verkenner te laat kennis maak met manne en/of vroue uit die Bybel wat vir ons as geloofshelde kan dien. (Seuns kan manne uit die Bybel bestudeer en meisies vrouens uit die Bybel).

Weergawe: 2009

Datum: September 2009

Begronding

Voortrekkerkode:

1. 'n Voortrekker glo in die drie-enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.

ABC: Hierdie spesialisasie spreek al drie die aspekte van die ABC aan. Rolmodelle uit die Ou- en Nuwe Testament word bestudeer om daaruit agter te kom op welke manier hulle roeping as gelowiges hulle optrede as lede van die Koninkryk van God, hulle volk en hulle land bepaal het.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	1 dag	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in groepverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Weet wat die verskil tussen 'n geloofsheld en 'n volksheld is en dit kan verduidelik.

2. Drie Ou Testamentiese- en drie Nuwe Testamentiese geloofshelde kies (wat nie in die onderstaande lys genoem word nie) en kortliks die volgende inligting oor elkeen kan weergee:
   - 2.1 Die situasie waarbinne die persoon hom/haarself onderskei het.
   - 2.2 Die eienskappe in die persoon wat die Verkenner bewonder.
   - 2.3 Kortliks kan vertel hoe die lewensverhaal van die onderskeie geloofshelde sy/haar eie lewe positief beïnvloed.

3. 'n Werkstuk doen oor een persoon in 3.1 (seuns) of een persoon in 3.2 (meisies)
   - 3.1 Noag, Abraham, Josef, Dawid of Daniël
   - 3.2 Ester, Ragab, Rut of Maria die moeder van Jesus

   Die werkstukke moet elkeen vier rekenaargetikte A4 bladsye wees en uit die volgende bestaan: (Lettertipe Arial 11 met 1.5 lynspasieëring)

   Inleiding: Algehele opsomming en indrukke oor die persoon.
   Liggaam: 'n Kort geskiedenis van die persoon se lewe.
   Beskryf kortliks die persoon se verhouding met die Here.
   Wat het hom/haar gedryf om te doen wat hy/sy gedoen het.
   Wat is die persoon se bydrae tot die Koninkryk van God/sy volk/sy land.
   Slot: Verduidelik met watter kenmerke in die persoon se lewe, of eienskappe van die persoon, jy kan identifiseer.

4. Die verhaal van Manasse in 2 Kronieke 33:1-18 lees en kan vertel hoe hy/sy Manasse se lewe beoordeel. (Positief of negatief)